Voorbereide Lees: Teks 2

Lady Gaga se selfmoordliedjie skok

Lady Gaga het opslae gemaak toe sy haar selfmoordliedjie, "Princess Die", eergisteraand in Australië bekend gestel het.

Dit bevat woorde oor die ontslape prinses Diana se dood. Die sanger het dit tydens 'n konsert in Melbourne gesing, het news.com.au gister berig.

Sy het aan die skare gesê dié ballade weerspieël die diepste en persoonlikste gedagtes wat sy ooit gehad het. Die liedjie het kort ná die vertoning op YouTube verskyn. Dit is Lady Gaga se donkerste lied tot dusver en gaan oor selfmoord. Sy het die liedjie se titel uitgespel, vir ingeval enige verwarring daaroor kon ontstaan.

Hoewel sy benadruk het die liedjie het niks met Diana te doen nie, bevat van die lirieke besonderhede van die prinses se lewe. Die liedjie se einde, wat lui "Princess Die, I want to see her cry", is blykbaar 'n verwysing na die dood van Diana in Parys in 1997.

Die liedjie handel egter oor selfmoord en dit kan 'n kommerwekkende saak vir veral die sanger se tieneraanhangers wees. Chris Wagner van Lifeline in Australië, het gesê die liedjie stuur 'n gevaarlike boodskap aan Lady Gaga se aanhangers uit, veral omdat dit duidelik die metode van selfmoord beskryf en in diepte oor selfmoord praat," het Wagner aan news.com.au gesê.

Só sing sy
Oor Diana:
And wish that I would go / In my rich boyfriend's limo, oh oh / Right after he proposed / With a 16-carat stone wrapped in rose gold / With the paparazzi all swarming 'round / In my Louis Vuitton white button-down / Oh, it's not that deep / So bob head your head for another dead blonde / Whose real prince is in heaven / She just wants to sleep

Oor selfmoord:
I wish that I was strong / I wish that I was wrong / I wish that I could cope, / but I took pills and left a note